

Hardus Steenekamp saam met sy SSS Simbras. Hy het die stoet kleiner gemaak om plek te maak vir die skaars wild waarmee hy nou, saam met drie beesstoeterye en 'n appelbokboerdery, suksesvol boer

# Wild en bees wat werk

deur Riana Stip

**T**radisionele wild- en beesboerdery kombineer nie so goed as wat 'n mens graag wil glo nie," erken Hardus Steenekamp, bees- en-wildboer van Steenbokpan in Limpopo.

Ná jare van gekombineerde boerdery het hy 'n rukkie terug die grasvreters laat vang en verkoop, omdat hulle in direkte kompetisie met sy beeste was. Wild val nie altyd in by sy weidingsbestuursplan nie! Al die kameeldoringpeule word opgevrete en die witgatveld, 'n kosbare bron van voer vir beeste voor die eerste reëns, is byna doodgevrete.

"Die prys van hierdie wild het oor die afgelope paar jaar sywaarts beweeg. Terwyl ek die druk van die internasionale ekonomie op jagondernemings goed begryp, kan wildboere eenvoudig nie meer 'n bestaan voer op dieselfde prys as vyf jaar gelede nie. Talle wildboere skakel weer terug na beeste toe."

Hardus boer reeds geruime tyd met gewone vlaktewild, ondanks sy geloof in Newton se wet dat alles wat opgaan weer afkom. Behalwe die wild soos koedoes, rooibokke, en kleinwild wat normaalweg in die Bosveld voorkom, het hy ook met gemsbokke, eland, waterbokke en kameelperde geteel.

Hardus glo egter dat deur sy boerdery te herstruktureer, die twee bedrywe suksesvol gekombineer kan word.

## Pa en seuns – bees en wild

Dit is vir Hardus en sy vrou, Bets, albei 'n groot voorreg om saam met hulle seuns, Gerhardus en Ig, te boer. En met mynbou-ontwikkelings wat hul boerdery bedreig, is die besef van hulle bevoorregte samesyn op die bykans 10 000 hektaar vir hulle baie kosbaar en onvervangbaar. Tans is daar geen ongeregistreerde beeste op hul plase nie en Ig help vir Hardus met die beesboerdery.

"Gerhardus is die jagondernemer en hy en Ig hanteer buitelandse en binnelandse jagters. Gerhardus koop die wild aan by die boerdery en het my baie gemotiveer om van gewone vlaktewild oor te skakel na die teel van skaars wild."

Deur sy stoetdiere minder te maak, is daar plek gemaak vir buffels, goue wildebeeste en 'n trop swartwitpense, waarmee ekstensief geboer word. Hy boer meer intensief in klein kampies met nog vier troppe swartwitpense, njalas, swart rooibokke en bastergemsbokke.

"Die buffels en swartwitpense verdra nie jong bulle nie en ons haal hulle uit om in bultroppe op groter gebiede te wei. Vir die buffels los ons so twee hulppredikers om die groot bul op sy tone te hou," verduidelik hy. Hy wil nie van sy buffels beeste maak nie. "Daar moet streng gewaak word teen die oor-veredeling van buffels. Hulle het nog 'n natuurlike weerstand teen siektes en parasiete en dit moet behou word. Ons laat juis die jagbare bulle op 'n groot plaas wei om weer wild te word."

Swartwitpense behandel hy gereeld teen haarwurm. Elk van die vier teeltroppe het 'n goeie bul, wat later wanneer hulle by hul eie versies kom, geroteer sal word.

## Goue gene

Hulle het gesoek na draers van goue gene onder die swartwildebeeste om met 'n goeie bul goud te teel. Uit die eerste kalweroes was reeds 75% goud.

"Ek is deeglik bewus van die gevaar van snotsiekte en hou die wildebeeste aan op 'n wildsplas waar geen beeste ooit kom nie en waar die bure almal ook eksklusief wildboere is," sê Hardus. Daar is heelwat teorieë oor watter afstand 'n mens beeste en blouwildebeeste moet skei, asook die tyd van die jaar wanneer snotsiekte meer aansteeklik is as ander. Hardus glo egter daar moet nog baie navorsing hieroor gedoen word.

"Die feit wat ek en 'n klomp medeboere al oor en oor bewys het, is dat beeste en blouwildebeeste nie saam werk nie. Dis of die een, of die ander. Jy kan met hulle saam in dieselfde kamp boer, of twee kilometer ver uitmekaar hou. Maar vroeër of later sal jy skade ly." Hy sal self nie met die twee saam boer of wildebeeste insit langs 'n buurman wat met beeste boer nie.

"Ek twyfel of ek so vinnig sukses sal smaak met die swartrooibokke. Ons het reeds 'n eerste geslag genedraers (F1) geteel en hoop om binnekort resultate te sien."

Roofdiere bly maar altyd 'n probleem. Dit

sluit luiperds, jagluiperds, kleiner katte soos rooikatte, en hiënas in. Hardus elektrifiseer alle heinings om sy skaars wildsoorte. "Dis 'n realiteit van boer in die Bosveld. Dis net 'n kwessie van bestuur," meen hy.

### In die gene

"Om te boer was nie vir my 'n beroepskeuse nie," sê hy. "Dis in my gene ingeteel!" Hardus boer reeds vandat hy kan onthou, aanvanklik so aan sy pa se skurwe wysvinger en nou dekades later saam met sy twee seuns en hulle gesinne. Hy het die plaas slegs verlaat om sy landbougraad aan die Universiteit van Pretoria te gaan verwerf. Hy is nooit spyt daaroor nie, want behalwe dat dit hom 'n goeie inslag gegee het om sy boerdery op 'n wetenskaplike, nugter wyse te benader, het hy ook sy sielsgenoot, Bets, daar ontmoet.

"Sy, wat in haar jong dae selfs 'n os aan die stert gebyt het om hom aan die beweeg te kry, is die kosbaarste en onmisbaarste ding op die plaas," bieg hy, "naas my Cruiser, my *shifting* en *crescent tang!*"

Hy maak staat op haar noukeurige administrasie en finansiële bestuur. "Dis uiters belangrik om die geld wat jy so swaar verdien, reg te benut en in 'n winsgewende vertakking te belê. Bets maak seker dat ons op die wenpad bly."

Hardus glo die geheim van sy sukses lê in 'n beleid van hulbron-bewaringsboerdery. "Die Bosveld is 'n harde wêreld waar ons boer met 'n gemiddeld van 380 mm reën per jaar. En as jy hom nie oppas nie, gooi hy vir jou gou-gou af," waarsku hy.

### Die veekuddes

Hardus het eers met Brahmanbeeste begin en stelselmatig sedert 1988 sy eie Simbra-kudde ontwikkel. In 'n stadium was SSS Simbras een van die tien grootste stoetkuddes in die land.

"Ek is baie lief vir 'n bont dier," erken hy. Sy pa het destyds 'n mooi witrugbul gekoop, wat saam met die Afrikaners sulke mooi bont beeste geteel het. Hardus het later self Nguni's aangekoop en die stokperdjie het 'n boerdery in 1990 geword. Die SSS Nguni-stoet is sowat sewe jaar gelede geregistreer.

Die derde stoet op die plaas is die Pin<sup>2</sup>Zyls, ook 'n mooi bont bees. In 2002 het die Simmentaler Beestelersgenootskap hom genader om met Nguni's as basis 'n kruis met die Oostenrykse-Italiaanse Pustertaler te teel, bekend onder boere as die Supertaler. Die ras is parallel met die Pin<sup>2</sup>Zyls ontwikkel en daar is aan die begin van 2010 besluit om



Ig en Gerhardus Steenekamp saam met die buffels. Die twee broers boer saam met pa Hardus met skaars wild soos buffels, swartwitpense, goue wildebeest, swartroibokke en bastergembokke



Die Steenekamps boer gelukkig saam op hulle stukkie Bosveldparadys: Agter (vlnr) is Bets, Hardus, Gerhardus, PG, Ig en Tania. Voor is Anike, Simone, Aneke, Xander en Christine

die twee strome te verenig.

Behalwe vir 'n bont hond, Tessa, en 'n bont perd, Panga, boer Hardus ook nog met appelbokke. Hy het met tradisionele bokke begin boer en toe verskeie bont ramme aangekoop, die eerste 'n bont Venda-bokram met kolle uit 'n staatskudde.

### Die toekoms

"Dinge sal dramaties moet versleg voor ek ooit sal ophou boer," beloof hy. "Jy staan elke oggend op om nuwe uitdagings die hoof te bied." Hy erken dat die gedagte aan 'n steenkoolmyn op die *lodge* se voorstoep en al langs sy grensdraad af, 'n verlamme effek op sy boerdery gehad het.

"Ons het vir 'n tyd gewag vir die mynmaatskappy om te besluit of hulle wil koop of nie. Gelukkig het ons nie opgehou om onderhoud te doen nie. Een oggend het ek en Bets opgestaan en besluit: nou boer ons maar aan!

"Ek is hier op Elandsbosch gebore. Hier het ek en Bets 'n lewe vir onself en ons kinders gemaak. Dis onvervangbaar. Mense begryp nie dat dit nie hier om hektare gaan nie, maar om my hart en siel, ons besigheid, ons lewe se werk, ons plekkie in die son, die voorgeslag se nalatenskap en die kinders se erfporisie."

Rig navrae aan Hardus Steenekamp by [pgsteen@vodamail.co.za](mailto:pgsteen@vodamail.co.za) of 084 491 0220. **VP**